**13 Maart**

**Skrifgedeelte: Eksodus 16:1-30**
**Fokusgedeelte: Eksodus 16:11-12**

**So getuig ek van God se voorsiening**

’n Veertig jaar-lange wonderwerk! Om in enige woestyn te reis, is nie maklik nie. Mens moet voorbereid wees vir so ’n reis. Wat jy nie kan saamneem nie, het jy nie en gaan jy heel waarskynlik ook nie in ’n woestyn vind nie. Die volk van die HERE, derduisende mense, is op reis na die beloofde land en dit deur ’n ongenaakbare woestyn. Die honger haal hulle in, hulle kosvoorrade raak uitgeput.
Desperate mense maak desperate besluite. Liewers terug na Egipte! Onthou julle nog die potte vol vleis! (En vergeet julle hoe julle geroep oor al die swaar van die slawerny na God in die hemel opgestyg en Hy dit gehoor het?) Die HERE voorsien! Elke aand kom die vleis kamp toe! Die kwartels gaan sit die hele kamp vol en word maklik met die hand gevang, genoeg vir elkeen se behoefte! Die potte is vol! Soggens voor die son te warm geword het, het hulle rondom die kamp hulle brood gaan optel, genoeg na elkeen se behoefte.
’n Veertig jaar-lange wonderwerk! Die HERE het vir duisende mense veertig jaar lank genoeg en gebalanseerd laat eet in omstandighede waar daar menslik gesproke geen uitkoms was nie! Sou die volk nie dag vir dag hieroor verwonderd wees en hulle verwondering met mekaar en met ander deel nie? Ons weet nie, maar getuienis hieroor in die Bybel spreek eerder van die teendeel! Ons lees eerder hoe die volk by elke moontlike en onmoontlike situasie teen God in opstand gekom het. Soveel so dat, volgens Hebreërs 3 en 4, die HERE almal wat nog die vleispotte in Egipte onthou en daarna terugverlang het, in die woestyn laat sterf het ...
’n Wonderwerk van 40 jaar lank ... het naderhand so “normaal” geword, so gewoon, so alledaags.
Daarteenoor – ’n ewigdurende wonderwerk in Christus Jesus! In Johannes 6:47-59 lees ons wat met elkeen gebeur wat, geestelik gesproke, van Jesus eet, elkeen wat glo in die eniggebore Seun van God. Ons wat glo, sal lewe, al het ons ook gesterwe! ’n Ewigdurende wonderwerk!
Hierdie wonderwerk het ons deel geword, nie sodat ons dit as alledaags, gewoon en selfs vanselfsprekend sal hanteer nie, maar sodat ons nooit daaroor sal stilbly nie!

*Sing: Psalm 107:2, 18 (1936)*

*Ds. LSD du Plessis (Groblersdal)*